



RGN-HSRC

RGN-BIBLIOTEK
HSRC LIBRARY

VERVALDATUM/DATE DUE

1985 -07- 3 1

1987 -07- 1 4

1988 -03- 9



RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING
HUMAN SCIENCES RESEARCH COUNCIL

0000303313



001.3072068 HSRC KOMM N 67



2844363866



**Die invloed van televisie op die
belangstellingspatrone van
standerd agt-leerlinge**

Die invloed van televisie op die belangstellingspatrone van standerd agt-leerlinge

J.J. de Beer

RGH BIBLIOTEK HSRC LIBRARY		
1983 -03- - 9		
STANBKODE 001.3072068 HSRC KOMM N 67	REGISTERNOMMER 059168	 8
BESTELNOMMER G		

J.J. de Beer, B.Sc. (Hons.), M.Ed., Hoofnavorsers

Instituut vir Kommunikasienavorsing

Direkteur: Dr. P.C.J. Jordaan

ISBN 0 86965 982 0

Prys: R5,60
 (AVB ingesluit)

© Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing 1981
 Alle regte voorbehou

Gedruk deur Blitskopié (Edms) Bpk

ERKENNING

Die inligting wat in hierdie navorsingsbevinding vervat is, is verkry van projek KOMM 11 wat onderneem is om te bepaal wat die invloed van televisie op die skoolgaande jeug is. Data is van skole in al vier provinsies verkry.

Dank word aan die volgende persone en instansies oorgedra vir hul aandeel in die beplanning en uitvoering van die projek:

Die Komitee van Onderwyshoofde wat toestemming gegee het dat die projek ge-
loods mag word;

die hoofde van skole en hul personeel wat as toetsafnemers opgetree het;

die skoolsielkundiges van die Sielkundige en Voorligtingsdiens van die ver-
skillende onderwysdepartemente wat verantwoordelik was vir die opleiding van
die toetsafnemers;

die leerlinge wat as respondente opgetree het; en

Iede van die ad hoc-komitee wat met die beplanning van die projek behulpsaam
was, naamlik:

<i>Dr. J.D. Venter (Voorsitter)</i>	<i>Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing</i>
<i>Prof. T.L. de Koning</i>	<i>Universiteit van Venda</i>
<i>Dr. P.H. du Preez</i>	<i>Departement van Nasionale Opvoeding</i>
<i>Prof. D. Joubert</i>	<i>Universiteit van Stellenbosch</i>
<i>Mnr. P.W. Mans</i>	<i>Natalse Onderwysdepartement</i>
<i>Prof. N.J. Mentz</i>	<i>Transvaalse Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. B. Olivier</i>	<i>Onderwysdepartement, Kaap die Goeie Hoop</i>
<i>Mnr. D.J.L. Pretorius</i>	<i>SAUK</i>
<i>Mnr. F. Swanepoel</i>	<i>OVS-Onderwysdepartement</i>
<i>Mnr. G. Yssel</i>	<i>SAUK</i>
<i>Dr. D.P. Conradie</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. P.C.J. Jordaan</i>	<i>Instituut vir Kommunikasienavorsing</i>
<i>Dr. C.R. Liebenberg</i>	<i>Instituut vir Opvoedkundige Navorsing</i>
<i>Mev. E.M. Madge</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>
<i>Dr. W.L. Roos</i>	<i>Instituut vir Mannekragnavorsing</i>
<i>Mnr. A.R. van den Berg</i>	<i>Instituut vir Psigologiese en Edumetriese Navorsing</i>

Dr. S.H.C. du Toit van die Instituut vir Statistiese Navorsing was behulpsaam met die statistiese ontleding van die data en die redaksionele werk is gedoen deur die RGN se Buro vir Ondersteunende Navorsingsdienste.

INHOUDSOPGAWE

		BLADSY
	ERKENNING	(i)
	TABELLE	(iii)
1	INLEIDING	1
2	DOEL	2
3	METODE	2
3.1	MEETINSTRUMENTE	2
3.1.1	<i>Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)</i>	2
3.1.2	<i>Biografiese vraelys</i>	3
3.1.3	<i>Televisievraelys</i>	4
3.2	EKSPERIMENTELE ONTWERP	4
3.2.1	<i>Breë tendensstudie</i>	
3.2.2	<i>Metode van ondersoek</i>	11
3.2.3	<i>Effekstudie</i>	13
4	RESULTATE EN BEVINDINGE	23
4.1	BREë TENDENSSTUDIE	24
4.1.1	<i>Algemene belangstellingstendense</i>	24
4.1.2	<i>Programvoorkeure</i>	29
4.2	EFFEKSTUDIE	33
4.2.1	<i>Velde waarin die belangstelling verander (toegeneem) het</i>	46
	<i>Velde waarin die belangstelling verander (afgeneem) het</i>	47
5	SAMEVATTING	49
	BIBLIOGRAFIE	52

TABELLE

NOMMER		BLADSY
1	STRAFIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1974 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET	6
2	STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1975 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET	7
3	STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1976 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET	8
4	STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1977 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET	9
5	STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1979 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET	10
6	VERDELING VAN DIE STEEKPROEWE VOLGENS DIE VERANDERLIKE TELEVISIEKYK/NIE-TELEVISIEKYK	11
7	SAMESTELLING VAN DIE 1974/1976- AFGEPAAARDE GROEPE	19
8	SAMESTELLING VAN DIE 1974/1977- AFGEPAAARDE GROEPE	20
9	SAMESTELLING VAN DIE 1975/1976- AFGEPAAARDE GROEPE	21
10	SAMESTELLING VAN DIE 1975/1977- AFGEPAAARDE GROEPE	22
11	MEERVERANDERLIKE VARIANSIEANALISE VAN STANDERD 8-LEER= LINGE SE BELANGSTELLINGSPATRONE VAN 1974 TOT 1979	24
12	EENVERANDERLIKE VARIANSIEANALISE VAN STANDERD 8-LEER= LINGE SE BELANGSTELLINGSPATRONE VAN 1974 TOT 1979	25
13	KORRELASIES TUSSEN DIE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE VERTEEN= WOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD 8-LEERLINGE EN DIE NUMERIESE WAARDE VAN DIE JARE WAARIN DIE OPNAMES GEDOEN IS	26
14	TELEVISIEPROGRAMVOORKEURE VAN 'N STEEKPROEF STANDERD 8-LEERLINGE VAN 1976	30
15	TELEVISIEPROGRAMVOORKEURE VAN 'N STEEKPROEF STANDERD 8-LEERLINGE VAN 1977	31
16	TELEVISIEPROGRAMVOORKEURE VAN 'N STEEKPROEF STANDERD 8-LEERLINGE VAN 1979	32
17	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A_1) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_1) VIR DIE 1974/1976-AFPARING	34
18	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B_1) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_1) VIR DIE 1974/1976-AFPARING	35

TABELLE (vervolg)

NOMMER		BLADSY
19	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D_1) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (E_1) VIR DIE 1974/1976-AFPARING	36
20	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A_2) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_2) VIR DIE 1974/1977-AFPARING	37
21	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B_2) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_2) VIR DIE 1974/1977-AFPARING	38
22	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D_2) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (E_2) VIR DIE 1974/1977-AFPARING	39
23	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A_3) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_3) VIR DIE 1975/1976-AFPARING	40
24	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B_3) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_3) VIR DIE 1975/1976-AFPARING	41
25	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D_3) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (E_3) VIR DIE 1975/1976-AFPARING	42
26	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE STRAWWE KYKERS (A_4) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_4) VIR DIE 1975/1977-AFPARING	43
27	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELDE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE LIGTE KYKERS (B_4) EN DIE VOOR-TELEVISIEGROEP (C_4) VIR DIE 1975/1977-AFPARING	
28	VERSKILLE TUSSEN DIE GEMIDDELD VAN DIE EKSPERIMENTELE VERSKILTELLINGS (D_4) EN DIE KONTROLEVERSKILTELLINGS (E_4) VIR DIE 1975/1977-AFPARING	45

Die gegewens wat in hierdie navorsingsbevinding aangebied word, vorm 'n onderdeel van 'n omvattende projek wat deur die Instituut vir Kommunikasie-navorsing onderneem word om die invloed van televisie op die skoolgaande jeug te bestudeer. Die ondersoek spruit uit die aanbevelings van die Kommissie van Ondersoek insake Aangeleenthede betreffende Televisie en die Tegnieuse Advieskomitee van die SAUK, naamlik dat navorsing onderneem word oor die sosio-kulturele struktuur van die Suid-Afrikaanse samelewing en die invloed wat televisie daarop kan hê.

Die projek word uitgevoer op Blanke leerlinge van standerd 3 tot standerd 10 in die provinsiale skole van die vier provinsies in die RSA. Die insameling van die gegewens het oor 'n termyn van agt jaar gestrek, naamlik van 1974 tot 1981, en het op 'n jaarlikse grondslag geskied. Die gegewens is met behulp van vraelyste en gestandaardiseerde toetse ingewin, en het onder meer die volgende behels: televisiekykpatrone, vryetydsbesteding, waarde-oriëntasies, verhoudinge (persoonlike, huislike, sosiale en formele verhoudinge), sosiale gedrag, skolastiese bekwaamheid, beroepsbelangstellings, bekwaamheid in die tweede taal en persoonlikheid. Vanweë die omvang van die gegewens wat ten opsigte van elk van die bovermelde aspekte ingesamel is, word daar in hierdie studie slegs op die beroepsbelangstellings van standerd 8-leerlinge gelet.

In vorige ondersoeke het De Beer (1980a en 1980b) bevind dat sowel standerd 9- as 10-leerlinge se belangstellings in beroepe met 'n strekking van regs- of wetstoepassing as gevolg van televisie toegeneem het. Aan duidings is verder verkry dat hierdie leerlinge se belangstellings gestimuleer is in prakties-vroulike beroepe (standerd 10) en welsynwerk (standerd 9), terwyl hul belangstellings in uitvoerende kunste (standerd 9), historiese aangeleenthede (standerd 9) en welsynwerk (standerd 10) afgeneem het.

Aangesien standerd 8-leerlinge heelwat tyd voor die televisiestel deurbring, kan verwag word dat hul belangstellings ook deur hierdie medium beïnvloed sal word (die standerd 8-leerlinge van 1979 wat in die omvattende ondersoek betrek is, het gemiddeld 17,7 uur per week aan televisiekyk bestee).

2 DOEL

Die doel met hierdie ondersoek is om die hipotese te toets of televisie 'n invloed op die belangstellingspatrone van standerd 8-leerlinge het. Ten einde agtergrondinligting te bekom waarteen die resultate van dié studie geïnterpreteer kan word, sal daar ook ondersoek ingestel word na die algemene tendense in die belangstellingspatrone van die standerd 8-leerlinge van 1974 tot 1979, asook na hul televisieprogramvoorkeure.

3 METODE

3.1 MEETINSTRUMENTE

Vir die doel van hierdie ondersoek is van die data gebruik gemaak wat met behulp van die 19-Veld-Belangstellingsvraelys, die Biografiese vraelys en die Televisievraelys ingesamel is.

3.1.1 *Die 19-Veld-Belangstellingsvraelys (19-VBV)*

Die 19-VBV is 'n gestandaardiseerde vraelys van die RGN en is deur Fouché en Alberts (1971) ontwikkel vir die meting van die beroepsbelangstelligings van senior sekondêreskoolleerlinge, studente en volwassenes. Die vraelys meet 19 breë belangstellingsvelde asook die mate waarin die respondent aktief of passief in die velde belangstel, en ook of sy belangstelligings werk- of stokperdjiegerig is. Die velde is:

1	Beeldende kunste	13	Prakties - Vroulik
2	Klerklik	14	Regte
3	Welsynwerk	15	Sport
4	Natuur	16	Taal
5	Uitvoerende kunste	17	Diens
6	Wetenskap (Natuurwetenskap)	18	Prakties - Manlik
7	Histories	19	Besigheid
8	Openbare optrede	20	Werk/stokperdjiegerigheid
9	Numeries	21	Aktief/passief
10	Geselligheid		
11	Kreatiewe denke		
12	Rondreis		

Die numering van die velde soos hierbo verstrek, word deurgaans in die teks gebruik. Vir 'n vollediger beskrywing van die verskillende velde, kan De Beer (1980a) asook Fouché en Alberts (1971) geraadpleeg word.

3.1.2 *Biografiese vraelys*

Die Biografiese vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasie- navorsing saamgestel om tersaaklike biografiese inligting van leerlinge te bekom. Die volgende vrae is gebruik:

- 1 *Wat wil jy eendag word?*
As jy nog nie besluit het nie, skryf: Ek weet nie)

Die antwoorde van die leerlinge op hierdie vraag, is soos volg gekategoriseer:

- (a) Professionele, tegniese en verwante werker
- (b) Administratiewe, uitvoerende en besturende werker
- (c) Klerklike werker
- (d) Verkoopswerker
- (e) Werkers in boerdery, vissery, jag
- (f) Myn-, steengroefwerker
- (g) Vervoer-, en kommunikasiewerker
- (h) Vakman, produksiewerker en arbeider
- (i) Diens-, sport-, en ontspanningswerker.

(Hierdie kategorieë is van die Departement van Statistiek (1968) verkry.)
Vir die doel van hierdie ondersoek is kategorieë a tot d as 'n *hoë beroepskeuse* saamgegroepeer en kategorieë e tot i as 'n *lae beroepskeuse**.
Leerlinge wat nog nie op 'n beroep besluit het nie, is as *onsekere beroepskeuse* geklassifiseer.

- 2 *Merk in watter standerd jy is.*

- 3 *Ek is 'n seun/meisie.*

*Hierdie kategorisering is op die klassifikasie van Strijdom (1971, p. 29) gebaseer, naamlik dat kategorieë a en b as *hoë*, c en d as *gemiddelde*, en die res as *lae sosio-ekonomiese beroepe* omskryf kan word.

- 4 *Watter taal praat jy die meeste by die huis? (Huistaal)*
- 5 *Volg jy 'n kursus wat jou toelating tot 'n graadkursus aan 'n universiteit sal gee?*
- 6 *Toon aan watter vakke jy neem:*

<i>Wiskunde</i>	<i>Ja/Nee</i>
<i>'n Derde taal, byvoorbeeld Latyn, Duits, Frans, ensovoorts</i>	<i>Ja/Nee</i>
<i>Geskiedenis</i>	<i>Ja/Nee</i>
<i>Aardrykskunde</i>	<i>Ja/Nee</i>
<i>Biologie</i>	<i>Ja/Nee</i>
<i>Natuur- en Skeikunde</i>	<i>Ja/Nee</i>

3.1.3 *Televisievraelys*

Hierdie vraelys is deur die Instituut vir Kommunikasienavorsing opgestel en verskaf 'n aanduiding van leerlinge se televisiekykgewoontes, programvoorkeure, ensovoorts. Die volgende vrae is gebruik:

- 1 *Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik televisie (Maandae tot Donderdae) gedurende skoolkwartale?*
- 2 *Hoeveel uur per dag kyk jy gewoonlik oor naweke televisie (Vrydae tot Sondag) gedurende skoolkwartale?*
- 3 *Hoe lank het julle gesin al 'n televisiestel in die huis?*
- 4 *Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme op televisie kyk.*

3.2 **EKSPERIMENTELE ONTWERP**

Die data sal, soos blyk uit die doel (kyk paragraaf 2), op drieërlei wyses ontleed word. Eerstens sal vasgestel word of daar oor die tydperk van 1974 tot 1979 enige veranderinge in die belangstellingspatrone van standerd 8-leerlinge voorgekom het. Tweedens sal ondersoek ingestel word na hul televisieprogramvoorkeure. (Hierdie twee ondersoeke staan as die breë tendensstudie bekend.) Derdens sal 'n effekstudie gedoen word waartydens die invloed van televisie op die leerlinge se belangstellingspatrone ondersoek word.

3.2.1 Breë tendensstudie

(1) Steekproewe

Die gegewens wat in die breë tendensstudie gebruik is, is gedurende 1974 tot 1979 onder Blanke standerd 8-leerlinge ingesamel. Die opnames is op 'n landwye grondslag van stapel gestuur in die provinsiale skole van die RSA. Die getalle waarop die jaarlikse steekproef-trekking berus het, is in 1973 van die vier verskillende onderwysdepartemente verkry. Die stratifikasieveranderlikes van die steekproewe is die streek (stedelike/nie-stedelike ligging van die skole wat deur die leerlinge bygewoon is), taal (taalmedium waarin die leerlinge onderrig ontvang), geslag en provinsie waarin die skool geleë is.

Vir die doel van die ondersoek na die algemene belangstellingstendense is gegewens van die standerd 8-leerlinge gebruik wat gedurende 1974, 1975, 1976, 1977 en 1979* by die opnames betrek was, en wat die 19-VBV volledig ingevul het. Die verdeling van die steekproewe volgens bovermelde stratifikasieveranderlikes word in tabelle 1 tot 5 verstrekk. In hierdie tabelle is f die verkreeë frekwensies, terwyl f' die verwagte frekwensies volgens die onderwysdepartemente se amptelike gegewens is.

*Standerd 8-leerlinge is nie gedurende 1978 by die opnames betrek nie.

TABEL 1
STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE VAN 1974
WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET (N = 1 081)

Streek	Geslag	Taal	Provinsie	f	Ver= houding	f' (benader)	f-f'	$\frac{(f-f')^2}{f'}$
Stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	123	0,1043	113	10	0,8850
			OVS	17	0,0114	12	5	2,0833
			Natal	9	0,0071	7	2	0,5714
			Kaap	33	0,0271	29	4	0,5517
		Engels	Tv1	70	0,0679	73	3	0,1233
			OVS	4	0,0029	3	1	0,3333
			Natal	35	0,0322	35	0	0,0000
			Kaap	44	0,0386	42	2	0,0952
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	104	0,0979	106	2	0,0377
			OVS	14	0,0114	12	2	0,3333
			Natal	8	0,0064	7	1	0,1429
			Kaap	28	0,0271	29	1	0,0345
		Engels	Tv1	52	0,0636	69	17	4,1884
			OVS	3	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	33	0,0293	32	1	0,0313
			Kaap	37	0,0379	41	3	0,2195
Nie-stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	85	0,0850	92	7	0,5326
			OVS	29	0,0279	30	1	0,0333
			Natal	12	0,0093	10	2	0,4000
			Kaap	74	0,0607	66	8	0,9697
		Engels	Tv1	12	0,0129	14	2	0,2857
			OVS	3	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	10	0,0107	12	2	0,3333
			Kaap	12	0,0114	12	0	0,0000
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	99	0,0800	86	13	1,9651
			OVS	26	0,0279	30	4	0,5333
			Natal	9	0,0086	9	0	0,0000
			Kaap	63	0,0607	66	3	0,1364
		Engels	Tv1	6	0,0121	13	7	3,7692
			OVS	2	0,0021	2	0	0,0000
			Natal	11	0,0100	11	0	0,0000
			Kaap	14	0,0114	12	2	0,3333

p > 0,90
vg. = 31

$\chi^2 = 19,9227$

TABEL 2

STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE
VAN 1975 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET (N = 1 160)

Streek	Geslag	Taal	Provinsie	f	Ver= houding	f' (benader)	$ f-f' $	$\frac{(f-f')^2}{f'}$
Stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	120	0,1043	121	1	0,0083
			OVS	15	0,0114	13	2	0,3077
			Natal	6	0,0071	8	2	0,5000
			Kaap	33	0,0271	31	2	0,1290
		Engels	Tv1	77	0,0679	79	2	0,0506
			OVS	2	0,0029	3	1	0,3333
			Natal	44	0,0322	37	7	1,3243
			Kaap	46	0,0386	45	1	0,0222
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	99	0,0979	114	15	1,9737
			OVS	14	0,0114	13	1	0,0769
			Natal	3	0,0064	7	4	2,2857
			Kaap	34	0,0271	31	3	0,2903
		Engels	Tv1	69	0,0636	74	5	0,3378
			OVS	1	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	19	0,0293	34	15	6,6176
			Kaap	45	0,0379	44	1	0,0227
Nie-stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	109	0,0850	99	10	1,0101
			OVS	32	0,0279	32	0	0,0000
			Natal	12	0,0093	11	1	0,0909
			Kaap	81	0,0607	70	11	1,7286
		Engels	Tv1	20	0,0129	15	5	1,6667
			OVS	4	0,0021	2	2	2,0000
			Natal	9	0,0107	12	3	0,7500
			Kaap	14	0,0114	13	1	0,0769
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	95	0,0800	93	2	0,0430
			OVS	33	0,0279	32	1	0,0313
			Natal	7	0,0086	10	3	0,9000
			Kaap	76	0,0607	70	6	0,5143
		Engels	Tv1	21	0,0121	14	7	3,5000
			OVS	1	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	6	0,0100	12	6	3,0000
			Kaap	13	0,0114	13	0	0,0000

$p > 0,25$
vg. = 31

$\chi^2 = 30,5919$

TABEL 3

STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE
VAN 1976 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET (N = 1 265)

Streek	Geslag	Taal	Provinsie	f	Ver= houding	f' (benader)	$ f-f' $	$\frac{(f-f')^2}{f'}$
Stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tvl	125	0,1043	132	7	0,3712
			OVS	16	0,0114	14	2	0,2857
			Natal	8	0,0071	9	1	0,1111
			Kaap	33	0,0271	34	1	0,0294
		Engels	Tvl	79	0,0679	86	7	0,5698
			OVS	3	0,0029	4	1	0,2500
			Natal	38	0,0322	41	3	0,2195
			Kaap	46	0,0386	49	3	0,1837
	Meisies	Afri= kaans	Tvl	131	0,0979	124	7	0,3952
			OVS	16	0,0114	14	2	0,2857
			Natal	9	0,0064	8	1	0,1250
			Kaap	31	0,0271	34	3	0,2647
		Engels	Tvl	74	0,0636	80	6	0,4500
			OVS	1	0,0021	3	2	1,3333
			Natal	35	0,0293	37	2	0,1081
			Kaap	50	0,0379	48	2	0,0833
Nie-stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tvl	110	0,0850	108	2	0,0370
			OVS	30	0,0279	35	5	0,7143
			Natal	15	0,0093	12	3	0,7500
			Kaap	89	0,0607	77	12	1,8701
		Engels	Tvl	18	0,0129	16	2	0,2500
			OVS	1	0,0021	3	2	1,3333
			Natal	14	0,0107	14	0	0,0000
			Kaap	14	0,0114	14	0	0,0000
	Meisies	Afri= kaans	Tvl	99	0,0800	101	2	0,0396
			OVS	40	0,0279	35	5	0,7143
			Natal	12	0,0086	11	1	0,0909
			Kaap	86	0,0607	77	9	1,0519
		Engels	Tvl	14	0,0121	15	1	0,0667
			OVS	2	0,0021	3	1	0,3333
			Natal	17	0,0100	13	4	1,2308
			Kaap	9	0,0114	14	5	1,7857

$p > 0,975$
vg. = 31

$\chi^2 = 15,3336$

TABEL 4

STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE
VAN 1977 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET (N = 1 247)

Streek	Geslag	Taal	Provinsie	f	Ver= houding	f' (benader)	$ f-f' $	$(\frac{f-f'}{f'})^2$
Stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	128	0,1043	130	2	0,0308
			OVS	12	0,0114	14	2	0,2857
			Natal	10	0,0071	9	1	0,1111
			Kaap	36	0,0271	34	2	0,1176
		Engels	Tv1	83	0,0679	85	2	0,0471
			OVS	4	0,0029	4	0	0,0000
			Natal	36	0,0322	40	4	0,4000
			Kaap	48	0,0386	48	0	0,0000
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	117	0,0979	122	5	0,2049
			OVS	15	0,0114	14	1	0,0714
			Natal	8	0,0064	8	0	0,0000
			Kaap	37	0,0271	34	3	0,2647
		Engels	Tv1	72	0,0636	79	7	0,6203
			OVS	0	0,0021	3	3	3,0000
			Natal	34	0,0293	37	3	0,2432
			Kaap	47	0,0379	47	0	0,0000
Nie-stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	114	0,0850	106	8	0,6038
			OVS	30	0,0279	35	5	0,7143
			Natal	11	0,0093	12	1	0,0833
			Kaap	85	0,0607	76	9	1,0658
		Engels	Tv1	20	0,0129	16	4	1,0000
			OVS	3	0,0021	3	0	0,0000
			Natal	15	0,0107	13	2	0,3077
			Kaap	15	0,0114	14	1	0,0714
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	101	0,0800	100	1	0,0100
			OVS	30	0,0279	35	5	0,7143
			Natal	14	0,0086	11	3	0,8182
			Kaap	79	0,0607	76	3	0,1184
		Engels	Tv1	15	0,0121	15	0	0,0000
			OVS	2	0,0021	3	1	0,3333
			Natal	14	0,0100	12	2	0,3333
			Kaap	12	0,0114	14	2	0,2857

$p > 0,995$
vg. = 31

$\chi^2 = 11,8563$

TABEL 5

STRATIFIKASIE VAN DIE STANDERD AGT-LEERLINGE
VAN 1979 WAT DIE 19-VBV INGEVUL HET (N= 1 145)

Streek	Geslag	Taal	Provinsie	f	Ver= houding	f' (benader)	f-f'	$(\frac{f-f'}{f'})^2$
Stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	121	0,1043	119	2	0,0336
			OVS	10	0,0114	13	3	0,6923
			Natal	9	0,0071	8	1	0,1250
			Kaap	28	0,0271	31	3	0,2903
		Engels	Tv1	75	0,0679	78	3	0,1154
			OVS	3	0,0029	3	0	0,0000
			Natal	32	0,0322	37	5	0,6757
			Kaap	45	0,0386	44	1	0,0227
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	123	0,0979	112	11	1,0804
			OVS	15	0,0114	13	2	0,3077
			Natal	9	0,0064	7	2	0,5714
			Kaap	34	0,0271	31	3	0,2903
		Engels	Tv1	70	0,0636	73	3	0,1233
			OVS	1	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	26	0,0293	34	8	1,8824
			Kaap	40	0,0379	43	3	0,2093
Nie-stedelik	Seuns	Afri= kaans	Tv1	105	0,0850	97	8	0,6598
			OVS	37	0,0279	32	5	0,7813
			Natal	8	0,0093	11	3	0,8182
			Kaap	63	0,0607	70	7	0,7000
		Engels	Tv1	17	0,0129	15	2	0,2667
			OVS	2	0,0021	2	0	0,0000
			Natal	13	0,0107	12	1	0,0833
			Kaap	12	0,0114	13	1	0,0769
	Meisies	Afri= kaans	Tv1	93	0,0800	92	1	0,0109
			OVS	36	0,0279	32	4	0,5000
			Natal	11	0,0086	10	1	0,1000
			Kaap	67	0,0607	70	3	0,1286
		Engels	Tv1	15	0,0121	14	1	0,0714
			OVS	1	0,0021	2	1	0,5000
			Natal	12	0,0100	11	1	0,0909
			Kaap	12	0,0114	13	1	0,0769

p>0,995
vg. = 31

$$\chi^2 = 11,7847$$

Wat die studie oor programvoorkeure betref, kon uit die aard van die saak slegs dié leerlinge betrek word wat wel televisie gekyk het (dit wil sê leerlinge uit die steekproewe van 1976, 1977 en 1979). Volgens tabel 6 verteenwoordig die televisiekykers onderskeidelik 78,5 %, 88,5 % en 95,3 % van die genoemde steekproewe.

TABEL 6

VERDELING VAN DIE STEEKPROEWE VOLGENS DIE VER-
ANDERLIKE TELEVISIEKYK/NIE-TELEVISIEKYK

Jaar	Televisiekykers		Nie-televisiekykers		TOTAAL	
	N	%	N	%	N	%
1976	1 223	78,5	335	21,5	1 558	100
1977	1 271	88,5	165	11,5	1 436	100
1979	1 307	95,3	64	4,7	1 371	100

3.2.2 *Metode van ondersoek*

(a) *Algemene belangstellingstendense*

Die data van die vyf verteenwoordigende steekproewe standard 8-leerlinge is op drie wyses ontleed:

(1) *Meerveranderlike variansieanalise (MANOVA)*

MANOVA is 'n statistiese tegniek wat gebruik word om die nulhipotese (H_0) te toets dat daar geen verskille tussen die gemiddeldes van 'n aantal subpopulasies bestaan nie. In hierdie ondersoek is die H_0 getoets dat die vyf steekproewe se vektore* van

*Die vektor van gemiddeldes vir 'n betrokke jaar is 'n rangskikking van die 21 gemiddelde veldtellings in 'n kolom, op so 'n wyse dat elke posisie in die kolom 'n bepaalde betekenis besit, byvoorbeeld: die eerste posisie dui die eerste veld se gemiddeld aan, die tweede die tweede veld se gemiddeld, ensovoorts.

gemiddelde 19-VBV-tellings van 1974 tot 1979 nie verskil nie. Aanvaarding van H_0 , sal impliseer dat daar globaal gesien, geen *tydeffekte** aanwesig is nie. Word H_0 egter verwerp, kan afgelei word dat 'n *tydeffek* wel aanwesig is.

(2) *Eenveranderlike variansieanalise (ANOVA)*

Indien die MANOVA-ontleding aantoon dat 'n tydeffek teenwoordig is, kan vervolgens met behulp van 'n meervoudige vergelykingsprosedure vasgestel word *watter* van die 21 velde tot hierdie tydeffek 'n bydrae lewer. Die statistiese tegniek waarop besluit is, is om 'n ANOVA-ontleding op elke veld afsonderlik toe te pas (met die peil van betekenis α aangepas**).

(3) *Korrelasieberekeninge*

Ten einde vervolgens vas te stel of die tydeffek wat by sekere velde mag voorkom, 'n *styg*ing of 'n *daling* ten opsigte van die belangstelling in 'n betrokke veld verteenwoordig, word die produkmomentkorrelasie (r) bereken tussen die tellings wat die respondente op elk van hierdie velde behaal het, en die numeriese waarde wat aan elke jaar toegeken is waarin die opnames gedoen is (1974 = 1; 1975 = 2; 1976 = 3; 1977 = 4 en 1979 = 6).

(b) *Programvoorkeure*

Ten einde ondersoek in te stel na die gewildheid van sekere soorte televisieprogramme, word 'n indeks van gewildheid vir elke programsoort bereken. Hierdie indeks is gebaseer op die response van die televisiekykers van 1976, 1977 en 1979.

* 'n Tydeffek in hierdie verband, sou beteken dat statisties betekenisvolle verskille tussen die vektore van die 19-VBV-gemiddeldes van die vyf steekproewe (1974-1979) bevind is.

**Dit beteken dat indien die peil van betekenis (of risiko) α is by die MANOVA-ontleding, word dit by die ANOVA-ontledings aangepas as

$\frac{\alpha}{21}$, ten einde te verseker dat die totale risiko nie α oorskry nie.

Hul response het betrekking gehad op die vraag *Dui aan hoe dikwels jy na die volgende programme op televisie kyk.*

Gewigte is soos volg aan die response toegeken: Indien n leerling gemeld het dat hy *gereeld* na n bepaalde program kyk, is n gewig van 2 aan dié respons gegee. Aan n respons van "kyk af en toe" is n gewig van 1 toegeken, terwyl "kyk nooit" n gewig van 0 ontvang het. Ten opsigte van elke programsoort word die frekwensie response by die antwoordmoontlikheid telkens vermenigvuldig met die gewig wat daaraan toegeken is, en deur die som van hierdie drie produkte te verkry, word die gewildheid van die betrokke programsoort vasgestel. Hierna word die programme volgens hierdie indeks, in rangorde geplaas.

3.2.3 *Effekstudie*

(1) *Eksperimentele ontwerp*

Ten einde die invloed van televisie te bestudeer, word daar van n driegroepontwerp gebruik gemaak. Die benaming *driegroepontwerp* is daaraan ontleen dat die respondente in drie vergelykbare groepe (deur afparing vergelykbaar gemaak) ingedeel word, naamlik:

- n Strawwekykergroep van n bepaalde jaar (na die instelling van televisie; ook die eksperimentele groep genoem)
- n Ligtekykergroep (van dieselfde jaar; ook die kontrole-groep genoem)
- n Voor-televisiegroep (dit wil sê n groep respondente uit een van die jare voor die instelling van televisie).

Deur die 19-VBV-tellings van hierdie drie groepe met mekaar te vergelyk, kan n aanduiding van die invloed van televisie ten opsigte van leerlinge se belangstelling in elke veld verkry word.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die invloed van televisie met behulp van hierdie ontwerp oor verskillende tydperke

ondersoek kan word. Die kort- en mediumtermyninvloed van televisie kan dus afsonderlik bestudeer word, deur die keuse van respondente uit gepaste jare.

In alle gevalle word daar vir elke belangstellingsveld 'n stel verskiltellings bereken deur telkens die 19-VBV-telling van elke respondent in die voor-televisiegroep af te trek van die 19-VBV-telling van die ooreenstemmende afgepaarde respondent in die strawwekykergroep. Daar word in die teks na hierdie stel verskiltellings as die *eksperimentele verskiltellings* verwys. Op 'n soortgelyke wyse word 'n stel verskiltellings tussen die ligtekykergroep en die voor-televisiegroep bereken (*die kontroleverskiltellings*).

Vervolgens kan 'n gemiddelde verskiltelling ten opsigte van elke belangstellingsveld onderskeidelik vir die eksperimentele en kontroleverskiltellings bereken word. Hierna word telkens tweekantige t-toetse vir afgepaarde groepe toegepas om die betekenisvolheid van die verskil tussen hierdie twee gemiddelde verskiltellings te bepaal. Volgens hierdie metode kan 'n statisties betekenisvolle verskil beskou word as 'n aanduiding van die invloed wat televisie op die belangstellingspatrone van die ondersoekgroepe het. Deur inspeksie van die teken (+ of -) van die betrokke t-waardes, kan ook 'n aanduiding van die *rigting* van die invloed verkry word. 'n Positiewe t-waarde dui daarop dat die gemiddelde 19-VBV-telling as gevolg van televisie hoër by die strawwe kykers is as by die ligte kykers, terwyl 'n teenoorgestelde afleiding ten opsigte van 'n negatiewe t-waarde gemaak word.

Die ontwerp wat vir vergelyking tussen die groepe aangewend word, kan skematies soos volg voorgestel word:

(2) *Samestelling van groepe*

- (a) *Keuse van snypunt vir verdeling tussen eksperimentele groepe (strawwe kykers) en kontrolegroepe (ligte kykers)*

'n Ideale snypunt sou wees om groepe wat nooit televisie kyk nie, te vergelyk met dié wat wel televisie kyk. Hierdie snypunt lewer egter probleme op, aangesien die kontrolegroepe (nie-kykers) te klein raak om sinvolle afleidings uit sodanige vergelykings te kan maak (verge- lyk tabel 6). Die tweede beste alternatief is om kontrolegroepe te gebruik wat minder as 'n uur per dag televisie kyk, teenoor eksperimentele groepe wat minstens een uur per dag televisie kyk. Hierdie snypunt mag egter ook 'n probleem oplewer, aangesien die ligte kykers oor langer tydperke waarskynlik self in 'n groot mate aan televisie blootgestel sal wees (kumulatiewe effek). Laasgenoemde probleem mag tot gevolg hê dat die medium- en langtermyninvloed van televisie (ongeveer vier jaar en langer na die instelling daarvan) moeilik met behulp van die driegroepontwerp ondersoek sal kan word. Ten spyte van dié probleem, moes die keuse van 'n snypunt in hierdie ondersoek berus op 'n snypunt van minder as een uur per dag, teenoor minstens een per dag (televisie kyk), ten einde groot genoeg groepe te verkry om ver- gelykings te kan maak.

Die ondersoekgroepe is saamgestel uit leerlinge wat in 1974 en 1975 (voor die instelling van televisie) en in 1976 en 1977 (na die instelling van televisie) by die opnames betrek is. Uit 'n aantal vooronderseke het ge- blyk dat die kontrolegroepe, wat uit die 1979-steekproef, met die snypunt van minder as een uur teenoor minstens een uur per dag televisie kyk, verkry kan word, as gevolg van die kumulatiewe effek van televisie, nie geskik was vir insluiting in die ontwerp nie.

Twee eksperimentele groepe (een elk uit die 1976- en die 1977-opnames) is saamgestel uit dié leerlinge wat in die televisievraelys aangetoon het dat hulle gedurende weekstae (Maandae tot Donderdae gedurende skoolkwartale) en gedurende naweke (Vrydae tot Sondag gedurende skoolkwartale) minstens een uur *per dag* televisie gekyk het, en voorts dat hulle vir minstens drie maande tuis oor 'n televisiestel beskik het. Dié groepe staan in hierdie ondersoek as die *strawwe kykers* bekend.

Die leerlinge wat in die na-televisieopnames aangedui het dat hulle vir minstens drie maande 'n televisiestel tuis gehad het, en dat hulle gedurende die week en oor naweke (gedurende skoolkwartale) *minder* as 'n uur *per dag* televisie gekyk het, vorm die twee kontrolegroepe (een elk uit 1976 en 1977). By hierdie kontrolegroepe is ook dié leerlinge ingesluit wat nie 'n televisiestel gehad het nie, en ook nie elders televisie gekyk het nie.

Die rede waarom slegs leerlinge betrek is wat vir minstens drie maande tuis oor 'n televisiestel beskik het, is om die *nuutheidseffek* van televisie te kontroleer. Kykers wat nie tuis 'n televisiestel het nie, maar wel elders televisie kyk (die sogenaamde *kuierrykers*) is ook nie betrek nie.

Die leerlinge wat in die voor-televisieopnames (1974 en 1975) getoets is, word die *voor-televisiegroepe* genoem.

(3) *Gelykstelling van die groepe*

Ten einde die invloed wat televisie op die ondersoeksgroepe se belangstellingspatrone mag hê, te bestudeer, is dit nodig dat al drie groepe respondente wat in die ontwerp ingesluit is, vergelykbaar sal wees ten opsigte van alle veranderlikes wat 'n rol in hul belangstellings speel (*steuringsveranderlikes*). Vir die identifisering van die steuringsveranderlikes is 'n stapsgewyse regressie-analise op die beskikbare biografiese gegewens toegepas

om vas te stel watter veranderlikes die grootste deel van die variasie in die afhanklike veranderlike (in hierdie geval die belangstellingspatrone van die leerlinge) verklaar. Die steuringsveranderlikes wat op dié wyse geïdentifiseer is, is geslag, taal, kursus (senior sertifikaatkursus met of sonder matrikulasievrystelling), die beroepskeuse van die leerling, en of die volgende skoolvakke geneem word: Wiskunde en n derde taal.

Met die doel om die bovermelde ses steuringsveranderlikes te kontroleer, dit wil sê om die drie groepe respondente ten opsigte van hierdie veranderlikes vergelykbaar te maak, is n proses van *afparing* toegepas. Afparings is ten opsigte van die groepe strawwe kykers, ligte kykers en voor-televisierespondente gedoen. Dié groepe is in die volgende kombinasies saamgestel:

- (a) 1974 met 1976
- (b) 1974 met 1977
- (c) 1975 met 1976
- (d) 1975 met 1977.

Die afgepaarde groepe is soos volg benoem:

- (i) *Eerste afparing* (1974 met 1976)
 - . Groep A₁ (die 1976- strawwe kykers)
 - . Groep B₁ (die 1976- ligte kykers)
 - . Groep C₁ (die 1974-voor-televisiegroep)
- (ii) *Tweede afparing* (1974 met 1977)
 - . Groep A₂ (die 1977- strawwe kykers)
 - . Groep B₂ (die 1977- ligte kykers)
 - . Groep C₂ (die 1974-voor-televisiegroep)
- (iii) *Derde afparing* (1975 met 1976)
 - . Groep A₃ (die 1976- strawwe kykers)
 - . Groep B₃ (die 1976- ligte kykers)
 - . Groep C₃ (die 1975-voor-televisiegroep)
- (iv) *Vierde afparing* (1975 met 1977)
 - . Groep A₄ (die 1977- strawwe kykers)
 - . Groep B₄ (die 1977- ligte kykers)
 - . Groep C₄ (die 1975-voor-televisiegroep).

Die samestelling van die afgepaarde groepe word in tabelle 7 tot 10 weergegee.

TABEL 7
SAMESTELLING VAN DIE 1974/1976-AFGEPAAARDE GROEPE

		Seuns						Meisies						TOTAAL	
		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse			
		Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.		
Senior sertifikaat sonder vrystelling	Neem n derde taal	Neem													
		Wiskunde													
	Neem nie taal nie	Neem		3		1		4	1			1		10	
		Wiskunde	1		3	1	3	12	3	3	1	9		36	
Senior sertifikaat met vrystelling	Neem n derde taal	Neem	4	1				5	3			1		14	
		Wiskunde	1					3		2				6	
	Neem nie taal nie	Neem	13	7	9	1	6	4	15	14	1	2	4	2	78
		Wiskunde	2		2		1		3				4	1	13
TOTAAL		21	8	17	2	11	4	42	21	6	3	19	3	157	

OPSOMMING VAN TABEL 7

	N	%
Seuns	63	40,13
Meisies	94	59,87
Hoë beroepskeuse	92	58,60
Lae beroepskeuse	28	17,83
Onseker omtrent beroepskeuse	37	23,57
Afrikaanssprekend	116	73,89
Engelssprekend	41	26,11
Senior sertifikaat met vrystelling	111	70,70
Senior sertifikaat sonder vrystelling	46	29,30
Neem n derde taal	20	12,74
Neem Wiskunde	102	64,97

TABEL 8
SAMESTELLING VAN DIE 1974/1977-AFGEPAAARDE GROEPE

			Seuns						Meisies						TOTAAL
			Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse		
			Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	
Senior sertifikaat sonder vrystelling	Neem h derde taal	Neem Wiskunde													
		Neem nie Wiskunde nie													
	Neem nie h derde taal nie	Neem Wiskunde			2	3			1				1		7
		Neem nie Wiskunde nie	1		3		3		7	1	2		5	3	25
Senior sertifikaat met vrystelling	Neem h derde taal	Neem Wiskunde	2	1			1		1	2			1		8
		Neem nie Wiskunde nie							2				1		3
	Neem nie h derde taal nie	Neem Wiskunde	6	4	3	5	5	3	8	5			8	3	50
		Neem nie Wiskunde nie	2				2		5	1			2		12
TOTAAL			11	5	8	8	11	3	24	9	2		18	6	105

OPSOMMING VAN TABEL 8

	N	%
Seuns	46	43,81
Meisies	59	56,19
Hoë beroepskeuse	49	46,67
Lae beroepskeuse	18	17,14
Onseker omtrent beroepskeuse	38	36,19
Afrikaanssprekend	74	70,48
Engelssprekend	31	29,52
Senior sertifikaat met vrystelling	73	69,52
Senior sertifikaat sonder vrystelling	32	30,48
Neem h derde taal	11	10,48
Neem Wiskunde	65	61,90

TABEL 9
SAMESTELLING VAN DIE 1975/1976-AFGEPAAARDE GROEPE

		Seuns												Meisies						TOTAAL
		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse								
		Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.							
Senior sertifikaat sonder vrystelling	Neem n derde taal	Neem																		
		Wiskunde																		
	Neem nie n derde taal nie	Neem		3		1		4	1				1					10		
		Wiskunde	1		3	1	3	12	3	3	1	9						36		
Senior sertifikaat met vrystelling	Neem n derde taal	Neem	4	1				5	3			1					14			
		Wiskunde	1					3		2							6			
	Neem nie n derde taal nie	Neem	13	7	9	1	6	4	15	14	1	2	4	2				78		
		Wiskunde	2		2		1		3				4	1				13		
TOTAAL		21	8	17	2	11	4	42	21	6	3	19	3				157			

OPSOMMING VAN TABEL 9

	N	%
Seuns	63	40,13
Meisies	94	59,87
Hoë beroepskeuse	92	58,60
Lae beroepskeuse	28	17,83
Onseker omtrent beroepskeuse	37	23,57
Afrikaanssprekend	116	73,89
Engelssprekend	41	26,11
Senior sertifikaat met vrystelling	111	70,70
Senior sertifikaat sonder vrystelling	46	29,30
Neem n derde taal	20	12,74
Neem Wiskunde	102	64,97

TABEL 10
SAMESTELLING VAN DIE 1975/1977-AFGEPAAARDE GROEPE

		Seuns												Meisies						TOTAAL
		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse		Hoë beroeps= keuse		Lae beroeps= keuse		Onseker omtrent beroeps= keuse								
		Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.	Afr.	Eng.							
Senior sertifikaat sonder vrystelling	Neem n derde taal	Neem Wiskunde																		
		Wiskunde nie																		
	Neem nie n derde taal nie	Neem Wiskunde			2	3			1				1			7				
		Wiskunde nie	1		3		3		7	1	2		5	3		25				
Senior sertifikaat met vrystelling	Neem n derde taal	Neem Wiskunde	2	1			1		1	2			1		8					
		Wiskunde nie							2				1		3					
	Neem nie n derde taal nie	Neem Wiskunde	6	4	3	5	5	3	8	5			8	3	50					
		Wiskunde nie	2				2		5	1			2		12					
TOTAAL		11	5	8	8	11	3	24	9	2		18	6	105						

OPSOMMING VAN TABEL 10

	N	%
Seuns	46	43,81
Meisies	59	56,19
Hoë beroepskeuse	49	46,67
Lae beroepskeuse	18	17,14
Onseker omtrent beroepskeuse	38	36,19
Afrikaanssprekend	74	70,48
Engelssprekend	31	29,52
Senior sertifikaat met vrystelling	73	69,52
Senior sertifikaat sonder vrystelling	32	30,48
Neem n derde taal	11	10,48
Neem Wiskunde	65	61,90

(4) *Verdere vergelykings*

Ten opsigte van elke afparing is 'n gemiddelde groeptelling (per veld) vir elk van die drie afgepaarde groepe bereken (strawwekykergroep, ligtekykergroep en voor-televisiegroep). Hierdie tellings gee telkens 'n aanduiding van die belangstelling in die betrokke veld van die groep as geheel. Om die betekenisvolheid van verskille in belangstellings tussen die groepe vas te stel, is hierdie gemiddelde tellings soos volg met behulp van tweekantige t-toetse (vir groepe met verband) vergelyk:

- . Die voor-televisiegroep met die strawwekykergroep.
- . Die voor-televisiegroep met die ligtekykergroep.

Die nut van hierdie verdere vergelykings is daarin geleë dat dit perspektief verleen aan die bevindinge oor die invloed van televisie op die belangstellingspatrone van die ondersoekgroepe.

4 RESULTATE EN BEVINDINGE

In hierdie afdeling word die resultate van die breë tendensstudie en die effekstudie aangebied.

4.1 BREË TENDENSSTUDIE

4.1.1 *Algemene belangstellingstendense*

(1) *Resultate van die MANOVA-ontleding*

Drie afsonderlike maatstawwe is in die meerveranderlike variansie - ontleding gebruik, naamlik Hotelling se T^2 -toets, Pillai se V-kriterium en Wilks se Λ -kriterium.

TABEL 11
MEERVERANDERLIKE VARIANSIEANALISE VAN STANDERD 8-LEERLINGE SE
BELANGSTELLINGSPATRONE VAN 1974 TOT 1979

Maatstaf	F-waarde	P>F	vg.
Hotelling se T^2 -toets	3,98	0,0001	84 & 23486
Pillai se V-kriterium	3,95	0,0001	84 & 23504
Wilks se Λ -kriterium	3,97	0,0001	84 & 23200

Uit tabel 11 blyk dat 'n statisties betekenisvolle F-waarde met behulp van al drie bovermelde maatstawwe verkry is. Die H_0 wat in paragraaf 3.2.1 (2)(a)(1) gestel is, naamlik dat daar geen verskil tussen die vyf steekproewe standerd 8-leerlinge (1974-1979) se vektore van gemiddelde 19-VBV-tellings voorkom nie, kan dus verwerp word. Hieruit kan afgelei word dat daar wel 'n *tydeffek* met betrekking tot die leerlinge se belangstellingspatrone voorgekom het.

(2) *Resultate van die ANOVA-ontledings*

Ten einde vas te stel of die tydeffek slegs ten opsigte van sommige of moontlik al 21 velde voorgekom het, is 'n ANOVA-ontleding op elke veld afsonderlik gedoen. Die resultate hiervan word in tabel 12 verstrek.

TABEL 12
 EENVERANDERLIKE VARIANSIEANALISE VAN STANDERD 8-
 LEERLINGE SE BELANGSTELLINGSPATRONE VAN 1974 TOT
 1979

Velde	F-waarde	P>F
1	7,20***	0,0001
2	6,79***	0,0001
3	5,30***	0,0003
4	0,98	0,4181
5	9,92***	0,0001
6	0,99	0,4126
7	18,02***	0,0001
8	2,79*	0,0249
9	1,42	0,2230
10	2,27	0,0595
11	3,15*	0,0136
12	5,88***	0,0001
13	4,67***	0,0009
14	5,72***	0,0001
15	2,17	0,0699
16	8,22***	0,0001
17	2,59*	0,0351
18	1,56	0,1832
19	1,74	0,1374
20	2,69*	0,0296
21	1,67	0,1533

vg. = 4 & 5893 (vir elk van die 21 velde)

* $p < 0,05$
 *** $p < 0,001$

Uit tabel 12 word opgemerk dat daar by 13 van die 21 velde, statisties betekenisvolle verskille in die gemiddeldes van die vyf steekproewe bevind is wat op 'n tydeffek dui. Hierdie velde is Beeldende kunste, Klerklik, Welsynwerk, Uitvoerende kunste, Histories, Openbare optrede, Kreatiewe denke, Rondreis, Prakties-Vroulik, Regte, Taal, Diens en Werk-stokperdjie=gerigtheid.

(3) *Resultate van die korrelasieberekeninge*

Met die doel om vas te stel of die *tydeffek* wat ten opsigte van hierdie 13 velde, voorgekom het, 'n styging of 'n daling in die belangstellings van die leerlinge verteenwoordig, is die korrelasieberekeninge uitgevoer (tabel 13).

TABEL 13

KORRELASIES TUSSEN DIE 19-VBV-TELLINGS VAN DIE VERTEENWOORDIGENDE STEEKPROEWE STANDERD 8-LEERLINGE EN DIE NUMERIESE WAARDE VAN DIE JARE WAARIN DIE OPNAMES GEDOEN IS

Veld	Jaar	N	Gemiddelde 19-VBV-telling	r
1	1974	1 081	24,099	-0,06325**
	1975	1 160	23,603	
	1976	1 265	22,334	
	1977	1 247	22,678	
	1979	1 145	21,837	
2	1974	1 081	16,995	-0,02614
	1975	1 160	16,614	
	1976	1 265	15,009	
	1977	1 247	15,642	
	1979	1 145	16,197	
3	1974	1 081	25,307	-0,05555 **
	1975	1 160	25,335	
	1976	1 265	24,515	
	1977	1 247	23,745	
	1979	1 145	23,590	
5	1974	1 081	15,475	-0,07025**
	1975	1 160	14,984	
	1976	1 265	13,240	
	1977	1 247	13,383	
	1979	1 145	13,017	
7	1974	1 081	21,471	-0,09892**
	1975	1 160	20,709	
	1976	1 265	19,549	
	1977	1 247	18,396	
	1979	1 145	18,553	
8	1974	1 081	12,540	0,01118
	1975	1 160	13,278	
	1976	1 265	12,156	
	1977	1 247	12,496	
	1979	1 145	13,203	

(tabel vervolg)

TABEL 13 (vervolg)

Veld	Jaar	N	Gemiddelde 19-VBV-telling	r
11	1974	1 081	24,576	0,02414
	1975	1 160	24,577	
	1976	1 265	23,828	
	1977	1 247	24,892	
	1979	1 145	25,155	
12	1974	1 081	31,582	-0,04885**
	1975	1 160	31,429	
	1976	1 265	30,229	
	1977	1 247	30,193	
	1979	1 145	30,320	
13	1974	1 081	21,460	-0,02763
	1975	1 160	20,618	
	1976	1 265	19,362	
	1977	1 247	20,488	
	1979	1 145	20,136	
14	1974	1 081	17,198	0,03649**
	1975	1 160	18,353	
	1976	1 265	18,052	
	1977	1 247	17,115	
	1979	1 145	19,272	
16	1974	1 081	16,002	-0,06922**
	1975	1 160	16,053	
	1976	1 265	14,857	
	1977	1 247	14,715	
	1979	1 145	14,183	
17	1974	1 081	20,165	-0,01889
	1975	1 160	19,684	
	1976	1 265	18,918	
	1977	1 247	19,497	
	1979	1 145	19,471	
20	1974	1 081	14,159	0,01059
	1975	1 160	14,236	
	1976	1 265	14,387	
	1977	1 247	14,494	
	1979	1 145	14,210	

**p<0,01

Uit die korrelasiekoëffisiënte in tabel 13 word waargeneem dat ten opsigte van ses velde statisties betekenisvolle *negatiewe* korrelasies verkry is, naamlik Beeldende kunste, Welsynwerk, Uitvoerende kunste, Histories, Rondreis, en Taal. n Soortgelyke

bevinding is ook ten opsigte van standaard 10-leerlinge van 1974 tot 1978 waargeneem (De Beer, 1980a).

n Statisties betekenisvolle *positiewe* korrelasie is ten opsigte van die veld Regte verkry. (Dit moet in gedagte gehou word dat al die korrelasiekoëffisiënte, hoewel statisties betekenisvol, relatief klein is.)

By die orige ses velde waar n tydeffek uit die ANOVA-berekeninge waargeneem is, kyk tabel 12, maar nie statisties betekenisvolle korrelasies verkry is nie, kan die tydeffek as fluktuierend beskou word, aangesien daar nie n algemene styging of daling in die belangstellings van die leerlinge in hierdie velde te bespeur is nie. Hierdie ses velde is Klerklik, Openbare optrede, Kreatiewe denke, Prakties-Vroulik, Diens en Werk/Stokperdjiegerigheid.

